# Atlantis in die Karoo– en 'n geelslang in die kano



DIE wal van die P.K. le Rouxdam in die Oranjerivier is onlangs voltooi. Gedurende September is 'n massa water stroomop uit die Hendrik Verwoerddam losgelaat en 'n groot gedeelte van die opgaargebied van die nuwe dam het vir die eerste maal onder water gekom. Personeellede van die Museum was vir etlike dae daar doenig om van die reptiele, kleinsoogdiere en insekte te versamel wat voor die stygende water moes vlug. Die belangrikste vonds was ongetwyfeld 'n aantal eksemplare van die grawende geitjie oftewel "barking gecko" (*Ptenopus garrulus*) wat 'n nuwe wetenskaplike rekord vir die Vrystaat is. Daar is altesaam 19 soorte reptiele — waaronder etlike pofadders en Kaapse kobras — 4 soorte paddas, 15 soorte soogdiere en sommer baie insekte versamel. Onder die soogdiere tel 'n albinomol, springhase, dassies en skeerbekkies asook etlike knaagdiere waaronder wangsakmuise en grootoormuise. 'n Groot aantal bergskilpaaie is ook van 'n waterdood gered en op droë grond losgelaat.

*Nat en bedremmeld sit 'n aantal knaagdiere in boomtoppe wat uitsteek bokant die stygende waters van die P.K. le Rouxdam in die Oranjerivier.*

(J.J.B.D.)

*Sjoerd van Ee en Chris van den Heever maneuvreer hul kano nader aan een van die talle klein eilande wat tydens hierdie versameltog deursoek is.*



(J.J.B.D.)

## Some recent publications of the Museum

LYNCH, C.D. (1975). The distribution of mammals in the Orange Free State, South Africa. *Navorsinge* 3 (6): 109—140.

VAN HEERDEN, J.W.A. (1976). The cranial anatomy of *Nanictosaurus rubidgei* Broom and the classification of the Cynodontia (Reptilia: Therapsida). *Navorsinge* 3(7): 141 - 164.

FERREIRA, M.C. (1976). Contribution to the knowledge of African Scarabaeidae. Some new species of *Onitis F.* (Tribe Onitini). *Navorsinge 3(8): 165 - 176.*

FERREIRA, M.C. (1976). A new species of *Platyonitis* Janssens from Angola (Coleoptera: Scarabaeidae). *Navorsinge* 3(8): 177 - 180.

FERREIRA, M.C. (1976). Some new species of *Onitis* F. (Coleoptera: Scarabaeidae). *Navorsinge* 3(9): 181—194.

FERREIRA, M.C. (1976). A new species of *Chironitia* Lansberge (Coleoptera: Scarabaeidae). *Navorsinge* 3(9): 195 - 198.

VOORBLAD
Ontwerp deur JOHAN REYNEKE

COVER
Design by JOHAN REYNEKE

## Ons stel bekend die volgende nuwe personeellede



*Mev. T. Boswell*
*Tegniese Assistent*
*(Paleontologie)*



*Mnr A. Strydom*
*Tegniese Assistent*
*(Entomologie)*



*Mnr W.J. Pretorius*
*Voorradebeampte*

(J.O.P.)